# Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters

Uitgawe 2 Junie 2011




## Inhoud

### Lekkerbekkie die Muis


Storie: "Lekkerbekkie en die diere" ..................................... 1
Inkleurprentjie ..................................... 2
Rekenaarspeletjie ..................................... 2


### Artikels


Raad oor skeidingsangs..................................... 3
Ons lesers vertel: "Die *granny* in die *granny flat*"..................................... 4
Ons lesers vertel: "Ons plus twee"..................................... 5
Maak 'n kaartjie vir Vadersdag..................................... 5
Filaflooi vir Afrikaanse maatjies!..................................... 6


### Kompetisies


Kleur in: Wen 2 Storieklub CDs! ..................................... 2
Wen R500 se kinderklere van Filaflooi! ..................................... 7
Mei-maand se wenners ..................................... 7

Resep: Reëboogkoekies ..................................... 4

Kontakbesonderhede ..................................... 7
Adverteer in Lekkerbekkie ..................................... 7


## Die tweede uitgawe van ons nuwe Lekkerbekkie tydskrif is hier... en dis 'n 'n hele bladsy lywiger as die eerste uitgawe!

Ons is oorval met soveel wonderlike terugvoer van lesers na ons vorige uitgawe verskyn het, dat ons met nuwe ywer aan hierdie uitgawe begin werk het. Dankie aan al ons lesers wat die tyd opsy gesit het om vir ons terugvoer te gee. Dis heerlik om te hoor hoeveel vreugde ons projekkie daarbuite veroorsaak!

Nie net is hierdie uitgawe 'n bietjie dikker nie, maar ons het 'n hele paar "ekstras" ingepak. Ons hoop julle geniet ons twee nuwe rubrieke – "Die *granny* in die *granny flat*" op bladsy 4, en "Ons plus twee" op bladsy 5. Daarmee verwelkom ons dan ook graag twee nuwe medewerkers, wat van nou af elke maand vir hierdie lekkerlees-stukkies sal sorg!

Hierdie maand stel ons die oulike "Filaflooi" klerereeks bekend, met eg Afrikaanse sê-goed op kwaliteit T-hempies! Filaflooi skenk R500 se klere aan 3 gelukkige Lekkerbekkie-lesers (sien bl.6). Ons deel 'n interesante resep vir "Reënboogkoekies" wat mammas en kleuters saam kan bak, en Tannie Tiana se Kleuter Kletsies wys hoe om 'n spoggerige Vadersdag-kaartjie te maak.

Trek warm aan, drink julle vitamines, en lees genoeg stories – dis ons raad teen die koue winter-aande! O ja, en kruip vroeg in die bed met die nuwe uitgawe van Lekkerbekkie!

**Groete uit die kantoor**
**Anna Emm**











© Anna Emm Productions 2011

# Lekkerbekkie en die diere



Vandag is ‘n baie mooi dag. Die sonnetjie sit hoog bo in die lug en sy geel sonstrale maak Lekkerbekkie die muis se lyfie lekker warm.

“Hallo, Sonnetjie!” sê Lekkerbekkie Muis. “Wat sien jy as jy daar hoog bo in die lug sit?”

“Goeie môre, Lekkerbekkie Muis!” groet die sonnetjie. “Ek sien ‘n snaakse dier met sulke lang, lang ore daar tussen die grassies onder die bome van die bos. Wat kan dit wees?”

Lekkerbekkie Muis kyk díe kant toe en dan daardie kant toe. En dan sien hy ‘n dier met vier wit pootjies en ‘n wollerige lyfie. Die diertjie wip-wip en hop-hop nader, en nou sien Lekkerbekkie twee lang, lang ore!

“Dit is Hasie Hop, Sonnetjie!” lag Lekkerbekkie. “Dis Hasie Hop se lang, lang ore wat jy sien! Wat sien jy nog as jy daar hoog in die lug sit?”

“Ek sien ‘n eienaardige diertjie met ‘n swaar klip op sy rug daar tussen die grassies langs die stroompie in die bos. Wat op aarde kan dit wees?”

Lekkerbekkie Muis kyk díe kant toe en dan daardie kant toe. En dan sien hy ‘n dier met vier skurwe pote en ‘n skurwe kop. Die dier loop stadig, stadig, want die ding op sy rug is swaar.

“Dis Mnr. Skilpad, Sonnetjie!” lag Lekkerbekkie. “Dis Mnr. Skilpad se harde dop wat jy sien. Dis nie ‘n klip nie! Maar sê my, Sonnetjie, wat sien jy nog?”

“Mmmm,” sê die sonnetjie, en hy kyk en hy kyk. “Ek sien ‘n klein, klein diertjie met ‘n lang, lang stertjie en blink, blink ogies daar onder op die grond! Ek wonder of jy hom ook sien?”


Lekkerbekkie Muis kyk eers díe kant toe en dan daardie kant toe. Hy kyk op in die lug en onder op die grond. Hy sien ‘n dier met ‘n plat bekkie wat kwaak-kwaak maak. Die dier waggel-waggel rivier toe. Maar dit is net Ella Eend, en sy het nie ‘n lang, lang stertjie nie. Hy sien ook ‘n diertjie met ‘n grasgroen velletjie wat blink in die son. Maar dit is net Pieter Padda en hy het ook nie ‘n lang, lang stertjie nie!

“Kyk daar in die water, Lekkerbekkie Muis,” sê die sonnetjie weer. “Loer daar in die water van die stroompie en kyk of jy sien wat ek sien!”

Lekkerbekkie Muis loer in die water van die stroompie. Die water is glad en blink soos ‘n spieël. En in die water sien Lekkerbekkie Muis ‘n diertjie met ‘n lang, lang stertjie en blink, blink ogies!

“Ek sien hom! Ek sien die diertjie wat jy sien!” lag Lekkerbekkie Muis. “Die diertjie met die lang, lang stertjie en die blink, blink ogies is toe al die tyd ekke! Dis Lekkerbekkie Muis!”

**Die Einde.**



*Anna Emm het al meer as 700 kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is getroud met 3D animation kunstenaar, Stefan van der Vyver. Sy is ma van Elanie (11) en Mila (3 maande).* ***www.annaemm.co.za***

© Anna Emm Productions 2011




## Rekenaarspeletjie!



MINI-GAMES

Help vir Lekkerbekkie om die regte diere te bou!

Kliek hier SPEEL

## Kleur in en WEN!!!

2 CDs uit ons Storieklub

Pos jou inkleurprentjie met jou naam, ouderdom en mamma se sel nr. na:
LEKKERBEKKIE Posbus 16145 Panorama 7560







Experi-Maatjies is 'n buitemuurse, opvoedkundige wetenskapprogram wat eksperimente gebruik om vir jong kinders te wys dat die wêreld van wetenskappe pret kan wees.

Besoek www.experi.co.za vir meer inligting.

Franchise geleenthede nog beskikbaar in sekere areas kontak lindi@experi.co.za vir meer inligting.



Experi-Maatjies
Experi-Buddies
Jong wetenskaplikes in wording!

© Anna Emm Productions 2011

# Raad oor skeidingsangs



In die meeste gevalle is skeidingsangs slegs 'n normale ontwikkelingsfase wat 'n aanduiding is van 'n positiewe ding: dat jou kind gesonde emosionele bande met jou gevorm het. Dit kan selfs 'n gevaarteken wees wanneer 'n kind nooit onder enige omstandighede skeidingsangs ervaar nie. Kinders ervaar angs oor skeidings omdat hulle eerstens nog geen konsep van tyd het nie, en tweedens nie die ervaring het wat hulle geleer het dat mense wat weggaan weer terugkom nie. Hulle sal vertroue moet opbou dat jy wel sal terugkom, en dit sal mettertyd gebeur. Kyk egter uit vir gevaartekens soos nagmerries, gebrek aan eetlus, ontroosbare gehuil wat lank aanhou en maagpyne of hoofpyne – veral wanneer dit ná die ouderdom van vyf nog 'n probleem is. Dit kan dui op 'n erger mate van skeidingangs (meer as die normale ontwikkeling) en dit mag nodig wees om die advies en hulp van 'n berader in te roep. 'n Mindere of meerdere mate van skeidingsangs kan ook veroorsaak word deur 'n traumatiese ervaring, 'n lang siekte, veranderinge in die normale roetine, 'n nuwe baba of 'n abnormale lang skeiding van die ouer. Ontspan en hanteer hierdie voorvalle rustig – as jy angstig is sal dit jou kind se angstigheid vererger. Help jou kind deur hom verkieslik elke keer by dieselfde persoon te los, hom eers aan kort tydjies van skeiding gewoond te maak, en te hou by jou beloftes rondom terugkomtyd of oplaaityd. Dit help om 'n groet-ritueel te ontwikkel en 'n speletjie daarvan te maak, bv. elke keer twee drukkies, drie soene en 'n handdruk! Herinner jou kind aan vorige kere waar hy dapper opgetree het en verseker hom gedurig van jou liefde en sorg om hom voor te berei op tye van skeiding. Spanning in die huis kan skeidingsangs vererger, en die dinge wat jou kind op televisie sien, kan ook daartoe bydra. Beperk waarna jou kinders kyk! Sorg dat hulle genoeg slaap kry en nie moeg is wanneer hulle moet groet nie. Gee eerder vir jou kind begrip en aanvaarding as simpatie. Sodra hy agterkom dat jy vir hom jammer is, sal hy dit probeer gebruik om jou by hom te hou! Groet vinnig, moenie uit die vertrek sluip nie, en sorg dat daar 'n bekende speelding of kombersie by jou kind bly wanneer jy nie daar is nie. Sterkte! Dit sal ook verbygaan.





Die storie van "Beertjie met die seer tand" help met skeidingsangs by kinders.

Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeiding, groepsdruk, bang vir die donker, en spanning.

Slegs R35 per CD!

Kies van 24 onderwerpe



www.AnnaEmm.co.za




Immergroen Ouerskap Seminare

Verstaan jou kind en herwin jou gesag. Praktiese raad vir dissipline vir elke groeifase van baba tot tiener!

Kry 20% af op Immergroen Ouerskap Kursus!

Chrizanda du Preez
082 562 1598
chrizanda@immergroenouerskap.co.za
www.immergroenouerskap.co.za



FAIRY HEADS


Brei en hekel van: Blom, apie, beer, aviator, oorflap mussies, serpies, 'leg warmers', koekonne, slings', en doeke vir foto-sessies.

fairyheads@vodamail.co.za
Gerné 082 568 3121


THE STAGE
Performing Arts School & Theatre
Talent Agency



FILM
EXTRAS
TV SERIES
COMMERCIALS
STILLS



CONTACT US:
TEL:021 914 3151
FAX:086 586 6958
TALENT@THESTAGE.CO.ZA
WWW.THESTAGE.CO.ZA




ACTORS • DANCERS • SINGERS • MODELS
KIDS AND ADULTS OF ALL AGES

Gesonde tuisgemaakte babakos!


Babas is gaande oor ons kos!

Noem 'Lekkerbekkie' wanneer jy jou bestelling plaas en ontvang 10% afslag!



www.babybellies.co.za
info@babybellies.co.za / 082 924 9169

Baby Bellies
Frozen Baby Food



BAZOO! Afrikaanse kindertydskrif vir 4 – 7 jariges

Bestel 10 vorige uitgawes (R20 elk) van Bazoo en ontvang nog 2 uitgawes GRATIS! (aanbod slegs vir *Lekkerbekkie lesers*) Stuur bestellings per e-pos aan: admin@bazoo.co.za

www.bazoo.co.za

© Anna Emm Productions 2011

# Die *granny* in die *granny flat*



Hoe weet 'n mens dat daar kleinkinders deur jou plek gedwarrel het? Die bank is vol krummels, die kelim op jou koffietafel hang windskeef en die TV se *remotes* lê op die vloer. In die slaapkamer is jou opgemaakte bed gebruik as wegkruipplek vir die wolf in *Rooikappie* en in die badkamer is die tandepastabuisie weg, jou tandeborsel nat en vol spoegerige broodkrummels, en jou duur lipstiffie se punt platgedruk bo in die doppie. Jou radio (Fine Music Radio) is lankal afgeskakel en jy kyk vir die twintigste keer na *Barnie* of *Lollos* en klap jou hande ("When you're happy and you know it clap your hands!") Jou kat skuil onder die tafel. Jou pasgestrykte linnebroek het vyf klein vingervetkolle op en jou pantoffels lê op die stoep.

Jy sug en wonder hoe lank hierdie plundering van jou persoonlike ruimte nog gaan aanhou. Jy droom van 'n verlate eiland en van oorbelle wat almal maats het. Jy wens jy kan net een oggend die koerant in vrede lees en jou beker tee leegdrink voordat hy koud word.

Maar die eerste oggend wat die filistyntjies nie luidrugtig oor jou stoep aangehuppel kom nie, is die koerant nie interessant nie en val die musiek oor die radio nie in jou smaak nie. Jy mis die "Hallo ouma!" en die sagte warm lyfies wat hulle op jou skoot kom inwurm en "tousbroodjie met gesmelde kaas" bestel. Daar is niemand wat met 'n skaterlag die voëltjies laat opvlieg van die stoep af nie. Daar is niemand wat vir jou 'n erdwurm kom wys en die roosknop wat jy so lankal in die pot voor die deur bewonder met stompaf steeltjie en wye glimlag in jou hand kom stop nie.

Is vetterige handjie en spoeg op die geborduurde kussings en gedeelde tandeborsels en puntlose lipstiffies dan nou belangrik?

*

*Marianne Strydom woon in 'n* granny flat *by haar kinders in Durbanville. Sy is 'n vryskut taalpraktisyn en ouma van vyf kleinkinders.*

## Resep

# Reënboog koekies

**Deeg:**

175g margarien
175g strooisuiker
175g meel, gesif
3 eiers
1 tl bakpoeier
1/2 tl koeksoda
1 suurlemoen se sap
voedselkleursel in rooi, oranje, geel, groen, blou en pers

**Versiersel:**

100g maaskaas
30g margarien
400g versiersuiker, gesif
*hundreds and thousands* vir versiering

Meng eiers, suiker, margarien en meel in 'n groot bak. Voeg bakpoeier en koeksoda by en meng. Voeg suurlemoensap by. Verdeel mengsel gelykop in 6 bakkies en voeg 'n ander kleur kleursel by elk.



Plaas *cupcake paper wrappers* in 'n 12-grootte muffin plaat, en vul met teelepels deeg (een lepel uit elke bakkie gekleurde deeg) sodat daar 'n bietjie van elke kleur in elke *cupcake wrapper* is. Moenie meng nie!



Bak vir ongeveer 20min op 180°C en toets met 'n tandestokkie of die deeg gaar is. NB: Haal koekies in *cupcake wrappers* uit bakplaat en laat afkoel op koekrak.



Meng saggemaakte margarien met maaskaas, en voeg versiersuiker by. Versier koekies met maaskaas-versiering en strooi 'n klein bietjie *hundreds and thousands* oor.



Van buite lyk die koekies nou na gewone cupcakes, maar binne-in is die deeg verskillende kleure soos 'n reënboog!



Kry hierdie resep en nog ander oulike resepte by **www.deliciousdeliciousdelicious.blogspot.com**






Lekkerbekkie is GRATIS! Stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za en ontvang elke maand 'n nuwe uitgawe.

© Anna Emm Productions 2011

# Ons plus twee



Een van die groot uitdagings van ouerskap is seker om vir die kleinspan ordentlike maniere te leer. Manlief het gedink om dit op 'n prettige manier te doen. Hy begin toe die kinders leer om "Askies mense" te sê wanneer iemand 'n wind breek of los, deur die *scenario* te speel. Sommer gou ontaard dit toe in 'n snaakse speletjie waarin hulle maak of hulle winde los/breek en dan kyk wie kan eerste sê "Dit was jy!". Die skuldige party moet dan "Askies mense" antwoord.

Gister los ons jongste pop 'n wind en sê ewe mooi "windjie los", waarop ek toe vra: "Wat sê mens?" (bedoelende hiermee "Askies mense"). Haar antwoord was egter: "Was jy!". Duidelik werp Manlief se speletjie nie vrugte af nie, maar komende van 'n amper-2-jarige het ek gedink dis vrek snaaks! Of ek nog gaan dink dit is snaaks wanneer dit die dag in die openbaar gaan gebeur is natuurlik 'n ander storie...

Menigte dae wonder ek of die kinders se ore afgeval het, of bloot net af geskakel is. Manlief vra dikwels: "Waar is julle ore?". Op een so 'n geleentheid (waar kleinsus die skuldige party was) antwoord ons oudste heel gou: "Haar ore is onder haar hare. Jy kan dit net nie sien nie. Haar hare is te lank." Nou hoe bly jy streng na die redenasie?

Die ander dag het dit besonder rof gegaan. Ek was al skoon moedeloos met die twee woelwaters wat net nie wou luister nie. Ons 4-jarige probeer my toe ewe liefies troos. "Moenie hartseer of kwaad wees nie, Mamma. Ons sal weer vir jou luister op 'n ander dag". Dis mos genoeg om enige mamma se moed vir die res van die dag te breek. Dan kan jy maar maar net van harte hoop dat die "ander dag" sommer al môre sal wees!

*

*Lizelle Rademeyer woon saam met haar man en twee kinders, Ellard (4) en Salomie (2) op Stellenbosch.*




## Maak 'n kaartjie vir Vadersdag

**Wat is 'n Pa?**
**(deur die oë van 'n kind)**

*Pa's werk baie hart en het baie papier gelt.*
*Pa's hou baie van teevee kyk op Saterdag. Pa's wil slaap op Sondag.*
*Pa's maak braaivlys vir kos en is sterk en sê hille is die baas.*

*Pa's het visstokke, grawe en baie anner goet in die graatsh en hille vee nie uit en stof af nie.*
*Pa's lees as hille kamer verlaat.*
*Pa's gee hart pak as ma so sê.*
*Pa's gaan op vikansie en vat ma's en kinners altyt saam.*
*Hille krap hille gesigte skoon want dit wort vol hare as hule slaap.*

*Pa's werk altyt as kinners iets wil doen, en het baie werk vir kinners.*
*Ma's het ook baie werk vir pa's.*
*Pa's is kwaai maar hille is bang vir ma's.*

*

Maak vir Pa is spesiale kaartjie wat lyk soos sy gunsteling hemp en das.

**Benodighede:**

- 1x A4 Gekleurde karton (bv.blou)
- 1x A5 Gekleurde karton (bv. groen)
- 1x Rooi karton/papier
- Verf, Gom en Pen
- Stempels

**Instruksies:**

1. Druk die stempel in bietjie verf en versier die A5 karton. Laat droog word.
2. Vou die A4 karton in die helfte. Sny 3.5cm in die middle op die voorste gedeelte afwaarts. Vou die hoeke terug om te lyk soos 'n kraag.
3. Sny 'n hemp-sak (sny 'n vier kant en sny net 2 hoeke af) en sny 'n das uit die A5 gedrukte papier.
4. Sny 'n hartjie uit rooi karton en skryf 'n boodskap op bv. Ek lief Pa!
5. Plak die hartjie en hemp-sak aan mekaar vas en dan op die kaartjie. Plak die das in die middle onder die kraag.
6. Teken stiksels op die kraag, hemp-sak en middel van die hemp voor.
7. Skryf vir Pappa 'n briefie binne.
8. Bedien saam met koffie en ontbyt in die bed.

*Onthou om Pa te bederf op Vadersdag!*



*Tiana is 'n oud-kleuterskool onderwyseres. Sy en haar man woon in Kaapstad met hulle seuntjie, Caiden (19maande).*
*tiana@little1.co.za*










© Anna Emm Productions 2011

# *Filaflooi* vir Afrikaanse maatjies!

Wanneer Lekkerbekkie op oulike produkte afkom, deel ons dit graag met ons lesers. Ons het hierdie unieke kinderklere-reeks op die internet opgespoor en was dadelik baie beïndruk!

*Filaflooi* is in 2008 gebore uit twee vriendinne, Helena Bester en Unita Slabber, se liefde vir Afrikaans en vir kinders. Hulle het begin deur Afrikaanse kinderrympies en sê-goed op T-hempies te druk - die naam, *Filaflooi*, is dan ook 'n speling op die woord **"filafooi"** uit die ou kinderrympie! Die hempies was baie gewild, en gou is dit aangevul met nuwe rympies en nuwe kleure. Sederdien het die klerereeks heelwat uitgebrei. *Filaflooi* het nou ook 'n reeks rokkies met 'n unieke hekel-afwerking, wat met die hand gemaak word deur 'n groepie kreatiewe vroue in die Strand, o.l.v. Juliana Bester. Daar word ook hard gewerk aan 'n winterreeks met handgemaakte musse, serpe, handsakke en pinafores.

In 2011 het Juliana Rossouw, niggie en naamgenoot van die kreatiewe vrou agter die *Filaflooi* rokkies, die besigheid oorge-koop. Sy het baie planne vir die uitbreiding van *Filaflooi*.

"Dis vir my baie lekker om te help met die maak van die produkte," sê sy, "en ek het baie toekomsdrome vir *Filaflooi*. Ek sou dit egter nie kon aanpak sonder die ondersteuning van my man en my drie seuns nie!"

Juliana geniet die bemarkingskant van die besigheid. Dis vir haar lekker om te sien hoe 'n droom wat klein begin het, groei en uitbrei omdat die produkte uniek en van 'n hoë gehalte is. Sy glo dat *Filaflooi* binnekort 'n gevestigde naam in die kinderklere-bedryf gaan word!

Besoek **www.filaflooi.co.za** om te sien of daar 'n *Filaflooi* agent in jou area is, en watter winkels reeds die *Filaflooi*-reeks aanhou. So nie kan jy direk by Juliana bestel en die klere word deur die pos aan jou gestuur.




filaflooi
Kleuter Klerereeks







Filaflooi gee aan 5 Lekkerbekkie-lesers die kans om elk 'n T-hempie van jou keuse te wen – **sien bl.7 vir besonderhede.**

redhatterstore
Meer as 300
Afrikaanse kinderstories!
Laai mp3 stories
af vanaf slegs R8 / $1.30
www.RedHatter.co.za







Wil jy bederf word terwyl jy steeds 'n ogie kan hou oor jou kleinding? Of dalk sien jy nie kans om uit te gaan na 'n salon voor die koms van die nuwe baba nie?

Besoek www.style4life.co.za en kliek op "packages for moms", of kontak Hannelie by 082 801 3234 of vaneedenh@telkomsa.net / Chantelle by 079 971 1007

Yummy Mammie Babakos
Dis lekker en gesond!
Vakuum verpak met etiket vir Mamma se gerief
Besoek www.yummymammie.co.za of kontak Marna by 082 696 3093 vir 'n gratis sample.

THOMAS TOOTH MOUSE
Het jy geweet???
Thomas Tandemuis skryf aan klein mensies! Hy leer hul speel-speel oor tandversorging, vertel wat hy met al die tandjies doen EN stuur 'n oulike geskenkie saam! GrOOOOOOOOOO pret!
Besoek www.thomastoothmouse.co.za
Spesiaal vir Lekkerbekkie lesers:
Thomas bederf Lekkerbekkie-lesers met iets ekstra in hul 1ste pakkie (inskrywings vir 4 kwartale)



Gauteng en Wes Kaap
082 323 1959
Blessed Babies

www.blessedbabies.co.za ella@blessedbabies.co.za facebook





fotos is al wat ons het as ons oud is... boeke, armbande handsakke

© Anna Emm Productions 2011

# WEN 'n *FILAFLOOI*-hempie van jou keuse!




*Filaflooi* gee aan **5 Lekkerbekkie-lesers** die kans om elk 'n *Filaflooi*-hempie van sy keuse (langmou óf kortmou, seuntjie óf dogtertjie) en in die grootte van sy keuse te wen!

**Vraag:**
Noem een van ander klere-produkte in die *Filaflooi*-reeks (behalwe die hempies!).

Stuur net jou naam en die antwoord op ons kompetisie-vraag na **juliana@filaflooi.co.za**

**Reëls:**
Slegs een inskrywing per persoon! Sluitingsdatum: 25 Junie. Die wenners sal in die volgende uitgawe van Lekkerbekkie bekend gemaak word.

# Mei se wenners




**Frostings Kompetisie**
Baie geluk aan Twané (8) en Leandri (4) Brits van Kaapstad – die gelukkkige wenners van die *Frostings Cupcakes* Kompetisie. Julle wen R500 se koek en *cupcakes* van *Frostings Cupcake Boutique!*
**www.frostings.co.za**


**Inkleurkompetisie**
Baie geluk aan Wilmarie Nolte (5) van Pretoria – die wenner van ons Storieklub Inkleur-kompetisie . Jou pragtige prentjie wen vir jou 2 lekkerluister storie-CDs uit Anna Emm Productions se Storieklub-reeks!
**www.AnnaEmm.co.za**






# Adverteer in die volgende Lekkerbekkie!

lekkerbekkie@annaemm.co.za



## Kontakbesonderhede

**Lekkerbekkie is 'n GRATIS maandelikse e-Tydskrif!**

As jy graag elke maand 'n nuwe Lekkerbekkie GRATIS wil ontvang stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za.

**Wil jy nie meer uitgawes van Lekkerbekkie ontvang nie?**

Stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za met die woord "UNSUBSCRIBE" in die *subject line*.





